100%

Woordfees 2 tot 11 Maart 2018
Geloof op die Markplein Gespreksreeks

1. **Hoeveel % Feministies is die Kerk**
   [Is die Kerk interseksionele feminisme se vriend(in) of vyand(in)?]
   6 Maart 14:00 | 50 min | ATKV-Boektent | Gratis
   Paneellede: Dr Leslie van Rooi, Dr Nadia Marais, Ds Michelle Boonzaaier

   Gegewe die patriargale kultuur waarbinne die Bybel tot stand gekom het, kon die kerk hom/haar ooit van die greep van manlike dominansie ontworstel? Is interseksionele feminisme vreemd aan die wese van die kerk en hoe staan die kerk met die omhelsing of veroordeling daarvan?

2. **Hoeveel % Hervormd is die Kerk?**
   [Is die Hervorming iets om te gedenk?]
   7 Maart 14:00 | 50 min | ATKV-Boektent | Gratis
   Paneellede: Vader Wim Lindeque, Prof Robert Vosloo, Mnr Jean Oosthuizen

   Op 31 Oktober 2017 was dit 500 jaar sedert Martin Luther sy 95 stellings teen die Wittenbergse kerkdeur vasgespyker het. Oor die kerke van die reformasie word egter gesê "ecclesia reformata semper reformanda" ("'n gereformeerde kerk moet altyd reformeer"). Hoe gaan dit met die gereformeerde kerke en wat moet in 2018 hervorm word?

3. **Hoeveel % Moreel is die Kerk**
   [Het die Kerk 'n monopolie op moraliteit?]
   8 Maart 14:00 | 50 min | ATKV-Boektent | Gratis
   Paneellede: Ds Nelis Janse van Rensburg, Imam Shaakier Vermeulen, Prof Julie Claassens

   Die persepsie word dikwels voortgesit dat die kerk sigself as die morele polisie beskou. "Is dans sonde?" was immers 'n belangrike vraag in die 1970's en 80's. En die Sondagkoerant is in die geheim gelees. Vandag word die kerk dikwels beskuldig van 'n obsessie met mense se slaapkamers en wat daar gebeur of nie mag gebeur nie. Wat is moraliteit? Wat het moraliteit met sonde te make? Is die kerk die regte adres as ons wil weet wat moreel is al dan nie?

4. **Hoeveel % Afrikaans is die Kerk**
   [Wat beteken dit om Kerk in Afrika te wees?]
   9 Maart 14:00 | 50 min | ATKV -Boektent | Gratis
   Paneellede: Dr Braam Hanekom, Ds Danny Bock, Dr Sipho Mahokoto

   Die grootste Afrikaanse kerk in die land word steeds "Nederduits" genoem. Wanneer sal die kerk tuiskom in Afrika? Of is ons al hier? En kan 'n kerk in Afrika Afrikaans wees?